
# UIT EIE BODEM




## DELWERYE IN DIE OU DAE

SAAMGESTEL UIT 'N DAGBOEK

DEUR WILLEM C. W. KAMP.

A
839.36308
UIT



# Delwerye in die Ou Dae

Saamgestel uit 'n Dagboek

deur

WILLEM C. W. KAMP

Uitgewers: J. L. VAN SCHAIK, BPK., Pretoria.
1934

*— Gedruk in Pretoria en Uitgegee deur —*
*J. L. van Schaik, Bepk., Uitgewers, Pretoria.*

Ek het hierdie boekie saamgestel uit die geskrifte van J. W. Griffith, tandarts, wat op 12 September, 1914 in Oos-Londen oorlede is. Die dokument wat op sy sterfbed aan sy seun, J. D. W. Griffith, tans in Oos-Londen woonagtig, oorhandig is, is deur laasgenoemde tot my beskikking gestel.

Die sinsverband en skrif is hier en daar van so'n aard dat ek gedeeltes om dié rede moes oorslaan. Ander gedeeltes wat deur lengte en onbelangrikheid nie veel aandag sou geniet nie het ek ook agterweë gelaat. Dit beteken natuurlik dat die geheel aanmerklik ingekort is, maar volgens my beskeie mening het ek die beste uitgesoek en bewerk.

Daardie ou dae is verby, die diamantnywerheid is op die afdraende pad, maar as hierdie werkie van 'n ooggetuie bydra tot 'n gedeelte van die lewende geskiedenis van Suid-Afrika se verlede, sal my taak beloon wees.

DIE SAMESTELLER.

## I. DIE EERSTE DELWERYE.

In die jare 1848 en 1849 het dit ons in Grahamstad ter ore gekom dat daar êrens in die nabyheid van die Vaal- en Oranjerivier diamante gevind is. Dit was eers gerugte, waaraan maar baie min mense waarde geheg het. Hulle wou daar nou eenmaal nie aan glo nie, maar 'n voorval daar by ons het hulle van mening laat verander. Nie alleen dit nie; hul opgewondenheid het tot 'n koors gestyg. En die oorsaak daarvan was dat 'n Dr. Atherstone, 'n bekende geneesheer van ons dorpie, 'n wit klippie toegestuur is, met die versoek om vas te stel of dit 'n diamant was of nie.

Hy het die steen getoets en verklaar dat dit 'n diamant van 21½ karaat was. Die steen, wat uiteindelik vir £500 aan Sir P. Wodehouse verkoop is, het oorspronklik aan 'n boer, Schalk van Niekerk, van De Kalk in die Hopetownse behoort. 'n Handelaar, O'Reilly het eendag op die plaas aangekom, die klippie gesien, en miskien begin nadink oor wat dit kon wees, want dit was heeltemal anders as ander stene wat hy in sy lewe

teengekom het. Van Niekerk was heeltemal gewillig om die „klip" te verhandel en O'Reilly het dit na Grahamstad gestuur.

Tog was die mense vereers nog twyfelagtig oor die saak en wat hiertoe bygedra het was die feit dat 'n groot oorsese diamanthandel 'n vermaarde deskundige hierheen gestuur het, wat tot die gevolgtrekking gekom het dat daar in Suid-Afrika geen diamante was nie en nie kon wees nie. Waar daardie eerste diamant vandaan af gekom het, wis hy nie en wou hy nie weet nie. Meer sou hulle nooit vind nie. Hy het toe onverrigter sake weer vertrek.

Maar opnuut is die verbeeldingskrag gaande gemaak en hierdie maal deur die volgende voorval: Dieselfde Schalk van Niekerk het van 'n kaffer 'n diamant van 83½-karaat gekoop vir £400. Hiermee het hy natuurlik, as gevolg van die afloop met sy eerste „blink klippie," verstandig gehandel. Van die firma Lilianfeld* van Hoopstad het hy vir hierdie diamant £10,000 ontvang. Die steen is geslyp, die *Ster van Suid-Afrika* gedoop en vir £25,000 aan die Gravin van Dudley verkoop.

Tog was die omstandighede en die wyse waarop die diamante gevind was nog 'n geheim

* Dit is my uit die geskrif nie duidelik of dit *Lilianfeld* of Lilienfeld is nie.

en die openbare mening was dat dit belaglik sou wees om te dink dat hierdie edelgesteentes in groot hoeveelhede kon gevind word.

Toe egter berigte ons bereik dat daar nog steeds meer diamante ontdek word, het ook by ons die geesdrif en opwinding 'n toppunt bereik. Ek het aangesluit by dertien ander man wat deur een van die eerste delwersmaatskappye aangestel is om fortuin te gaan soek.

'n Groot bokwa is spesiaal vir ons gemaak, die werkgereedskap verskaf en die lewensmiddele vir 'n tog van ses maande opgepak. Ek wil graag daarop wys dat ons 'n onbekende wêreld sou ingaan, dat ons die naam van delwers nie eens kon dra nie, want ons moes die diamante nog gaan soek, presies waar het ons nie geweet nie, en wat die werkmetode betref was ons heeltemal onkundig.

Die aand voor ons vertrek het ons 'n afskeidsdinee te beurt geval. Nie alleen dit nie, maar toe ons Saterdag, 10 Augustus, 1870 vertrek, het daar perdepote geklap oor die dorpstrate, want 'n hele klompie van die inwoners het ons tot 'n paar myl buite die dorp uitgeleide gedoen op hierdie tog na die onbekende Eldorado.

Nadat ons Caledon deur was, het ons by die Brakrivier honderde springbokke in die veld ge-

sien. Ons het net een koeëlgeweer gehad en een van die geselskap het 'n paar skote afgevuur. Die bokke was egter te ver. 'n Hele end van ons af was 'n plaaswerf. Ons bemerk dat twee groot honde daarvandaan af op die skote na die bokke se kant afkom. Dit het ook nie lang geduur nie voordat ons hulle onder die bokke gewaar. Speel-speel het die wild hoog in die lug gespring, maar hulle het gou bemerk dat die honde nie kom saamspeel het nie, maar 'n ander doel in die oog het. Ongemerk het die goed-afgerigte diere die wild langsamerhand na ons kant toe aangeja. Maar selfs daarmee was hulle nie tevrede nie. Met wonderbaarlike taktiek het hulle 'n groot ram van die trop afgekeer. Die arme dier moes gedink het dat die twee honde met hom kom speel en baljaar het, want hy het daar begin rondspring, tussen die honde deurgehardloop, om hulle heen gedraai en dan weer so'n paar tree van hulle af gaan staan.

Maar dat dit die honde nie om speletjies te doen was, het geblyk toe hulle die dier bespring. Skielik was dit of die pragtige dier sy gevaar bemerk, maar toe was dit te laat. Soos 'n pyl uit 'n boog skiet hy van die honde af weg, en kom reguit in ons rigting.

Terselfdertyd maak hy geweldige spronge deur die lug en sy rughare staan die een oomblik penorent en lê dan weer plat, soos 'n waaier wat oop- en toegaan. Elke spier in sy lyf was gespanne asof dit van staal was en tog met die veerkrag van gomlastiek het die ritmiese dier sy pad na die vryheid gesoek. Tevergeefs. My aandag op hierdie stryd om die lewe was so gespanne dat ek my vriend langs my heeltemal vergeet het. Die donderslag van sy geweerskoot het my na die werklikheid teruggebring. Enige oomblikke het die woede oor hierdie versteuring my oorheers; ek het met daardie bok saamgeleef, ek sou 'n pond betaal het om hom te laat vryspring. Op die oomblik was ek onder die indruk dat iemand moord gepleeg het en my taal, toe ek my maat aanspreek, was nie van die fynste nie.

So gaan dit egter met die menselewe. Ek het ook maar lekker aan die bokvleis geëet.

Van Colesberg het ons deurgeswerf na die Oranjerivier, want ons het nie daaraan getwyfel dat ons rigting na die Kimberleyse wêreld lê nie. Daardie instinktiewe dryfveer, gekoppel met die gerugte en berigte wat ons langs die pad bereik het,—natuurlik was daar in daardie dae nog geen Kimberley nie—het ons deur Phillipolis gebring, en vandaar na Jacobsdal. En hier sal ons weer

'n oomblikkie stilhou en wel vir 'n boeretrouery van daardie dae.

Die verloofdes het in 'n bokwa aangekom en voor die taamlike groot winkel stilgehou. Toe hulle op straat staan, kon mens van hul feestelike voornemens niks merk nie. Die bruid het 'n eenvoudige tabberd aangehad, die bruidegom 'n velbroek, veldskoene en 'n wolhemp met 'n ruie baadjie daaroor.

Hulle het spoedig in die winkel in verdwyn en 'n halfuur later soos verkleurmannetjies in die straat gestap. Die dame was in 'n ligte en blombestrooide rok uitgedos, met 'n groot hoed vol vere en kunsblomme. Wit, katoenhandskoene het haar hande versier, maar was ver te groot om nommer pas te wees.

Die bruidegom, 'n reus van 'n man, was, wat sy voorkoms betref, minder gelukkig as sy bruid, want die swart pak waarin hy sy groot liggaam gesteek het, was ver te klein, met die gevolg dat sy broekspype byna naby sy knieë was en sy klere hom omspan het soos 'n vel.

Om hierdie groot dag in sy lewe alle eer aan te doen het hy die veldskoene uitgetrek en 'n paar swartleerskoene sy bene laat dra met die gevolg dat hy skuif-skuif die straat afgestap het. Hulle is kerk-toe, waarheen ons hulle nie gevolg het nie,

maar na 'n ruk, toe ons self in die winkel was om inkope te doen, kom hulle terug en verdwyn deur 'n agterdeur. Gou-gou maak hulle weer hul verskyning in die gewone daaglikse kleding en na die gesigte gereken, was daar 'n groot las van hul skouers af. In daardie dae het troupare van die winkeliers die nodige feesklere gehuur, wat hulle natuurlik heelwat bespaar het aan uitrustings waarvoor daar op die plase nooit weer gebruik sou wees nie.

Ons is die Modderrivier oor, die paaie het beter geword en die klop-klop van die wawiele het soos musiek in ons ore geklink, te meer omdat ons so stadigaan begin voel het dat ons nader aan ons bestemming kom.

Die volgende dag het ons die Vaalrivier in sig gekry en kort daarna is ons die drif deur en het by Klipdrift aangekom. Hier was 'n hele vergadering van mense wat met die hoop op geluk die grond reeds taamlik omgekrap het. Dit was toe Saterdag, 7 September. Die trek het 28 dae geduur, wat nie te sleg was nie, aangesien ons die pad nie geken het nie, nie presies geweet het waar ons heengaan, en Sondae heeldag uitgespan het. Die trekdiere was spekvet en baie gou het ons die groot tent opgeslaan. Ons het gou vriende gemaak met die ander delwers en toe was die

eerste taak om die nodige delwersuitrusting in orde te bring. Hiervoor was nodig 'n skommelsif, drie los siwwe van verskeie grootte en 'n wasmasjien. Die grond word eers deur die groot skommelsif verfyn, word dan met behulp van water in 'n groot modderklomp deur die wasmasjien gedraai en in die klein siwwe afgespoel, waarin die gruis en die diamante agterbly. Die delwer sorteer die diamante met 'n stukkie blik wat hy in die gruis rondkrap.

Op die delwerye van vandag word presies dieselfde metodes gebruik, met die verskil dat daar 'n hele paar verbeteringe in die materiaal aangebring is, want in daardie dae moes ons self alles maak.

Die taak het ons natuurlik 'n paar dae besiggehou.

Daar was delwerye aan weerskante van die rivier. Ons was aan die kant wat Klipdrift genoem is. Pniël was die naam van die delwerskamp aan die suidekant en het die naam gekry van 'n sendingstasie wat daar gevestig was.

In klein sinkgeboutjies het winkeliers handel gedryf. Sondae het ons almal ons kisklere uitgehaal en oor en weer gekuier. Ek sal nooit ons verbasing vergeet toe ons onder al hierdie fortuin-

soekers 'n dame ontmoet het — die eerste op die delwerye.

Die moderne regspleging met al sy ingewikkelde vertakkinge het destyds natuurlik nog nie sy verskyning gemaak nie. Tog was daar 'n eenvoudige en doeltreffende administrasie. By elke kamp het die delwers 'n komitee gekies wat diens gedoen het in verband met die uitreiking van lisensies, die verhoor van klagtes, twisgeskille, ens.

Elke dag was twee van so'n komitee op diens. Dit was natuurlik te verwagte dat daar telkens van die komiteelede in onguns geraak het en elke Saterdagmiddag — die uur van delwersvergaderinge — is nuwe lede verkies. Hierdie vergaderinge was altyd deur groot lewendigheid en opwinding gekenmerk en het gewoonlik op 'n oop stuk grond, reg teenoor Sanger se kantien plaasgevind.

'n Skotskar was die verhoog vanwaar die sprekers hul gehoor te woord gestaan het. Die redevoeringe het nie altyd die goedkeuring weggedra nie, want gebeur dit dat sprekers se uitlatinge met algemene afkeuring begroet word, dan klink gou die roepstem: „Weg met hom!" In 'n oomblik is die skotskar deur 'n twintigtal delwers omsingel, die disselbome gaan die lug in, die

skotskar word tot op die rivierwal getrek en die ongelukkige redenaar spartel in die water. Nouliks is die „verhoog" weer op sy plek terug of 'n nuwe Demosthenes begin.

Daardie persoonlikheid in die delwerswêreld, T. R. Malan, die vendu-afslaer, het by 'n sekere geleentheid die vergadering toegespreek. Hy was 'n skerp en begaafde redenaar en deur sy humor het hy die gehoor gepak. Ongelukkig het, teen die slot van sy toespraak 'n paar sarkastiese opmerkinge hom ontval, waaroor een van die eerste diamantkopers baie beledig was. Dit het nie lang geduur voordat die twee handgemeen geraak het nie, met die gevolg dat die verwoede diamantkoper platgeslaan is.

Na hierdie voorval het ek met Malan na sy kantoor gestap. Ons het almal gedink dat die voorval vergeet sou wees, want Malan was nie van haatdraende aard nie. Nouliks het ons egter die kantoor binnegestap of ons hoor iemand buitekant skreeu. Gelukkig het ek na die deur gegaan om te sien wat gaande was. Die diamantkoper was daar met 'n groot *Colt*-rewolwer.

„Kom uit, Malan," het hy gedaag, „dat ek jou kan skiet!" Hieraan het Malan natuurlik nie gehoor gegee nie. Gou het ek die komiteelede

van die gebeurde in kennis gestel, en hulle het die twee beveel om voor hulle te verskyn.

Byna onverstaanbaar deur die woede het die diamantkoper geëis dat Malan gestraf word vir die belediging wat hy sy liggaam aangedoen het. Malan het verklaar dat die ander hom met 'n rewolwer dreig en versoek dat hy ontwapen word. Die voorsitter het dit onmoontlik geag aangesien die wapen persoonlike eiendom was.

„En wat van *my* lewe?" vra Malan. „Is dit nie ook persoonlike eiendom nie?"

Die voorsitter het toe die skriftelike klagtes verskeur en gesê dat hulle onder mekaar die saak moes uitveg. Maar eers het hy die diamantkoper as volg toegespreek:

„Meneer, as ek ooit moet hoor dat jy op iemand geskiet het met die doel om hom letsel te besorg, of jy daarin slaag of nie, dan sal ek jou in hegtenis neem en binne 'n half-uur sal jy aan die naaste boom hang."

## II. DIE LEWE DAAR.

My is dikwels die vraag gestel of 'n mens se lewe en goed in daardie dae heeltemal veilig was, aangesien daar van staatsweë geen gevolmagtigde beheer was nie. Met die grootste vrymoedigheid kan ek bevestigend hierop antwoord. Die delwers het daar self voor gesorg. Natuurlik het daar, soos dit oral gaan, boewe ingesluip en veral uit een tent wat as winkel gedien het, is heelwat gesteel. Maar die straf was swaar.

Op 'n openbare plek word die dief tussen twee groot planke vasgedruk waarop geskryf staan: KYK! EK IS 'N DIEF EN KRY OM EEN-UUR VYF-EN-TWINTIG HOUE MET DIE ROTTING. Daarna word hy by al die delwers rondgelei. Nadat hy sy loesing ontvang het voor die Komiteetent, word hy aan die agterstewe van 'n roeiboot vasgemaak en die rivier deurgesleep na die ander wal. Hier, met die waarskuwing dat as hy ooit weer sy gesig daar wys hy tweemaal so erg gestraf sou word, word hy die wye wêreld in gestuur.

Soos maklik te verstaan is, het diefstalle gou verminder.

'n Saterdagmôre kom 'n man na Malan toe, net voordat laasgenoemde met 'n verkoping begin. Hy het 'n broek en 'n onderbaadjie aangebied en Malan gevra om dié vir hom te verkoop, aangesien hy graag na 'n nuwe delwery wou gaan waarvan hy gehoor het, maar nie geld vir die pad het nie. Die klere is nie verkoop nie en tog het Malan hom betaal wat hy daarvoor gevra het. Die man is in die rigting van Hebron, 'n dertig myl verder te voet.

Groot was ons verbasing toe hy die volgende Saterdag weer sy verskyning maak en by die verkoping vir sy eie klere 'n bod maak. Na die verkoping is die verklaring as volg gegee:

Hy het na Hebron gestap waar hy die volgende aand aangekom het. Met sy klein bietjie geld het hy Maandag die nodige gereedskap gekoop. Maar water of emmers het hy nie kon kry nie. Tog het hy moedig aan die werk gespring en met sy sif die gruis bewerk. Die hele week was hy so ywerig besig, egter sonder resultaat. Vrydagmiddag het aangebreek. Sy geld was op. Hy het niks gevind nie. Nog een sifvol keer hy om. Daar, tussen die growwe gruis lê 'n pragtige, skitterende steen. Hy was so verbaas dat hy van skrik die sif byna laat val het. Nog dieselfde aand het hy weer voetgeslaan, terug na

Klipdrift toe. Die diamant was van buitegewone vorm en het $78\frac{1}{4}$ karaat geweeg. Aan Moritz Unger het hy die steen vir meer dan £4,000 verkoop. Hy het Malan vir sy hulp 'n mooi geskenk gegee, weer vertrek en ons het nooit weer van hom gehoor nie.

Na 'n paar weke harde werk in ons eerste kleim het ons nuwe grond gesoek, want die geluk was teen ons. Aan die ander kant van die delwery het ons opnuut begin, maar nadat ons 'n klein diamantjie gevind het, kom die nuus dat groot vondse gemaak is op *Good Hope*. Die volgende dag is ons daarheen. Van alle kante was daar, gewapen met pik en graaf, ander delwers op pad. Drie myl ver het ons gestap, deur 'n weelderige kloof en toe op, boontoe, oor 'n rant.

Nooit sal ek die toneel vergeet wat daardie vroeë môre ons oog verwelkom het nie. Langs 'n skuinste, wat wegsak diep na ondertoe is 'n reeks klipterrasse. Heel onder vloei die onstuimige rivier. En daar op die laagste terras, net bokant die stroom was honderde mense, soos rustelose miere aan die werk. Waens, karre en kruiwaens was daar vol-op. Hoe al daardie swaar voertuie daar gekom het was vir ons 'n raaisel. Ek weet een ding: 'n groot bokwa was later so deur grondhope en gate omring, dat die ding uit-

mekaar geneem moes word, voordat hulle daarmee kon verder gaan.

Ons het spoedig uitgevind dat die beste grond reeds in beslag geneem was; ons moes tevrede wees met 'n klein lappie, waarin ons 'n $8\frac{1}{2}$-karaat gevind het. Natuurlik was dit ons mening dat ons nou gou skatryk sou wees, maar ons het verder niks gevind nie.

'n Rukkie later is daar 'n nuwe delwery oopgegooi by *Bad Hope,* 'n plekkie wat sy naam waardig was. Hier is byna niks gevind nie en ons het maar weer teruggegaan na die hoofkamp op Klipdrift. Vandaar is ons na Pniël waar 'n twee duisend delwers van die môre tot die aand die aarde omgewoel het, en waar duisende ponde gemaak is. Die delwerslewe was seker die gesondste op aarde. Ons was altyd in die oop lug, elke spier het sy werk gedoen, ons kos was eenvoudig, maar voedsaam.

Af en toe het 'n Hollandse predikant ons besoek. Ek dink veral aan Ds. Stegman van Adelaide. Die dienste is altyd goed bygewoon, maar het baie onreëlmatig plaasgevind. Die eerste man wat 'n gereëlde Sondagsdiens ingestel het, was 'n kolporteur van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Sy naam het ek ongelukkig vergeet, maar sy werk is baie op prys gestel. Die

dienste het in die ope lug plaasgevind, met die stem van die murmelende rivier naby. Dit was hartroerende oomblikke wanneer die gesange uit honderde delwerskele opgeklink het. Later het ons 'n groot tent gehad vir die dienste, met 'n soort van 'n preekstoel en twaalf lang banke.

Ek was geen geringe fluitspeler nie en binnekort het ons 'n kerkkoor agtermekaar gehad. Somtyds was daar nouliks staanplek met die dienste. Ek onthou nog goed hoe ons landdros, Truter, — een van die regverdigste en vriendelikste manne ter wêreld, — die dienste getrou bygewoon het. 'n Mevrou Kidd het met Sondagskoolklasse begin. Kort daarna het die landdros vir al die kinders — daar het ondertussen honderde delwers met hul families aangekom — 'n piekniekdag bepaal.

Daar, omgewe deur die wilde, ruwe, en tog indrukwekkende natuur-wêreld het hulle geniet van die heerlike snoeperye — vry besorg deur die winkeliers — het hulle speletjies gespeel, waarin die grootmense na hartelus deelgeneem het.

Dit was nie altyd mooi weer nie. Baiemaal moes ons in die modder en water met die werk aangaan. Een storm vernaamlik sal ek nooit vergeet nie. Dit was 'n besondere warm dag. Om ons heen was alles doodstil en teen die middag

het donker wolke oorgespan. Die omliggende landskap het daar spookagtig begin uitsien. Ons het met die sweet op die lyf die werk voortgesit. Teen die aand was dit vir almal duidelik dat iets buitengewoons sou plaasvind, want nog altyd was dit stil maar hier bo ons in die hemelkoepel het die dreiende, swart omkranste wolke gedraai en gemaal. Die werk is gestaak, die tentpenne dieper ingeslaan, die slootjies om die kaia's wyer gegrawe. Dit was of die voëls bang was. In verskrikte vlug het hulle van tak tot tak gespring. Pikswart was die wêreld in die weste. Die storm het gekom, nie 'n wilde aanval nie, maar kalm en bedaard met die trots van reusekrag.

'n Paar druppels het neergeplof, die wind ruk met tussenpose en die warmte bly versmorend. Soos die voorsang van die simfonie was dit en toe skielik is daar 'n alles-verligtende straal deur die hemel en die woede van die natuur het die vrye teuels.

Stil en bedruk sit ons in ons tenthuisies met die verwagting dat dit enige oomblik die laaste sou wees, want die donder lag en die weerlig skeur soos 'n vlymende swaard. Ons kon nie met mekaar praat nie, daar was net die stem van die water wat uit die hemelsluise gestroom het.

Na twee uur het die geraas verminder, en soos 'n ruslose kind het die storm homself aan slaap gesnik, uitgeput deur die vreeslike inspanning. Dit was te donker om nog dieselfde aand die aangerigte skade te bereken. Die volgende môre was die hele kamp met tente en huise bestrooi en in die tent langs ons was die lyke van agt kaffers en twee verskriklik verminkte blankes.

## III. WATERBOER EN 'N LANG RIT.

Op die politieke kant van die saak wil ek nie ingaan nie, maar ek sal nooit die ontmoeting vergeet tussen die Grikwa-kaptein, Waterboer en Sir P. Wodehouse, by geleentheid van die formele oorhandiging van ons stukkie wêreld deur eersgenoemde.

Die ontmoeting sou plaasvind by Klipdrift. Waterboer het met 'n hele klomp van sy volgelinge aangekom. Almal het gaspypgeweers* gehad en skaapvelbroeke en baadjies, maar geen hemde nie, met strooihoede van 'n eienaardige fatsoen. Op die wal, net by die plek waar die koning se verteenwoordiger van die ander wal sou land, het hulle posisie ingeneem.

* Letterlik oorgeneem.

Sir Philip het met 'n paar offisiere aangekom, en nouliks het die boot die ander oewer bereik toe 'n salvo van die primitiewe gewere die welkomsteken gee. Wat hulle in die loodlope gesteek het, weet ek nie, maar dit was net asof 'n magdom van klappers afgeskiet word. Baie van die kastige wapens het nie eers afgegaan met die trek van die sneller nie, maar dit was niks. Die geskreeu van die menigte het die helde so opgewonde gemaak dat hulle maar weer gelaai het. Die optog na die vergaderplek het begin. En met tussenpose het die een of die ander „soldaat" se geweer vuur gespat, in ander woorde sommer op eie houtjie afgegaan, natuurlik tot groot skrik en verbasing van die eienaar. Die geskreeu en gejuig was onophoudelik; waaroor het die meeste van Waterboer se volgelinge seker nie geweet nie. Die dokumente is onderteken, toesprake is gemaak, en toe kom die skaapvelsoldate weer in hul element met die vuurwerkgewere. Hul dans en spring soos malmense rond en skud mekaar die hand, tog te bly oor die nuwe wit koningin van hulle oor die see.

Deur die agitasie van sekere delwers, wat gemeen het dat die selfregering op die delwerye te primitief was, dat die delwerye as vaste instelling beskou kon word en dus 'n erkende rege-

ringsvorm nodig het, is 'n versoekskrif na Engeland gerig en dit het, veral na die onderhandelinge met Waterboer nie lang geduur nie voordat 'n algehele omwenteling plaasgevind het. Die gereg met al sy beamptes en howe, sy onkoste en langdradigheid het vir die eenvoudiger maar meer bevredigende delwersmetodes plek gemaak en baie van die delwers wat daarom gesmeek het, het spoedig tot hul eie nadeel uitgevind dat die skoen aan die ander voet sit.

Met 'n man Forbes is ek — my vriende het by ons kamp agtergebly, — na Sicconel, 'n sestig myl verder langs die rivier af. Ons het vier dae getrek in 'n bokwa. Forbes wat die hele wêreld deur was, in die Chinese see as 'n skeepstimmerman, as 'n houthakker in Amerika en 'n gouddelwer in Brits Columbia, het die aande om die kampvuur verkort deur die vertellinge van sy wonderbaarlike ondervindinge.

Hier het ons weer 'n paar kleims bemagtig. Ek het die herinneringe van 'n paar groot diamante wat daar gevind is, maar wat vandag die sterkste voor my bly is die lief en leed van die delwers self.

Kersfees was daar en na al die feesviering het 'n klompie van die jong manne na die rivier gegaan om te swem. Nadat hulle in die koel

water vermaak gevind het, het almal op die wal gaan afdroog en hul klere aangetrek, behalwe een. Dit was 'n mooi, forsgeboude man van so'n agt-en-twintig somers. Hy het dit blykbaar so geniet dat hy nog in gebly het. Tot vermaak van die ander swemmers het hy die eienaardigste fratse in die water uitgehaal, die een oomblik soos 'n seekoei voortgeblaas, dan weer met sy kop onder water, bene in die lug getrek. Ons gelag het uitbundig geword, toe hy die beweginge van 'n persoon wat verdrink, na-aap. Maar, sonder dat ons op die wal dit gemerk het, het die skerts erns geword. Met 'n trek van smartlike verskriktheid op sy aangesig het hy ons opgeruimde gesigte aangestaar, en het toe verdrink. Sodra ons die ware toedrag van sake besef, was ons verslae, want as ons enige gedagte gehad het van sy toestand kon ons hom in 'n paar sekonde gered het. 'n Paar van ons het ingespring en onder geduik om na die lyk te soek, maar alles tevergeefs. Toe het ons met die droewige nuus na die delwerskamp teruggekeer. 'n Paar dae later is sy liggaam gevind.

Die rivier was taamlik ver van die kleims af by Sicconel, en ons het al die water van die rivier aangebring na die kleims toe. Hierin het 'n opgeruimde ou boer uit die Bedfordse ons baie ge-

help. Hy was die trotse eienaar van 'n groot bokwa en sestien vet trekosse. Elke aand het hy ingespan en al die delwers wat op die wa vir hul vate kon plek vind is saam om die water in die rivier te gaan skep. Die oubaas wou vir hierdie diens nooit 'n pennie aanneem nie.

Vyf-uur een Vrydagmôre kom 'n kaffer van ons kamp op Pniël op 'n wit ponie aangery, met 'n berig vir my dat 'n aandeelhouer van een van die groot diamantsindikate daar aangekom het uit Engeland. Hy wou my dringend spreek. In ons kamp op Sicconel was geen rydiere nie. Al plan was toe maar weer van dieselfde wit ponie gebruik te maak. Ek het die dier laat rus tot tienuur die môre en ondertussen my vriend, van wie ek so aanstons 'n staaltjie sal meedeel, las gegee om met die werk aan te gaan. Ek is toe op pad, maar so teen twaalfuur het 'n geweldige storm losgebreek. Ons het deur die modderpoele aangesukkel, maar teen twee-uur kon die arme dier byna nie verder nie. Gelukkig kom ons op 'n skuur af, waar ek hom vasgemaak het. 'n Endjie verder was die hut van 'n Grikwa en daar het ek heengestap. Hy het my hoflik ontvang en dadelik warm bokmelk laat bring as verversing. Sy hut was groot en ruim en baie netjies en gerieflik ingerig. Op die vloer het fyn wildsvelle gelê.

Die hoë mure was in verskeie kleure met jag- en oorlogstonele beskilder.

Nadat die storm effens bedaar het, is ek verder na Likatlong. Die kaptein het my in sy Europese huis ontvang, waar ek hom versoek het om my 'n perd te leen vir die verdere een-en-twintig myl van my reis.

Hoewel hy baie perde had, vertel hy my dat daar geen rydiere is nie, en dat ek in elk geval nooit die Hartsrivier sou deurkom nie. Deur die venster kon ek die rivier sien, en dit het geen twyfel gely dat dit maar baie gevaarlik gelyk het nie.

Weer het ek die troue wit ponie op die proef gestel. Tot ongeveer halfpad deur het dit goedgegaan, maar toe begin die stroom ons wegsleep. Ek kon nie 'n tree swem nie, en het my vertroue in die krag van my rydier gestel. Ons het meer aan die anderkantse wal uitgespoel as uitgeklim, maar ek kon weer asem skep. Ons was veilig.

Gelukkig was daar nie ver van die rivier af 'n geselskap delwers langs die pad uitgespan. Hulle het my perd versorg en voor 'n groot vuur, kon my klere 'n bietjie droog en my honger gestil word. Die gasvrye delwers, wat op pad was na Gong-Gong het alles in hul vermoë gedoen om my te help, en hul beloning het nie uitgebly nie, want 'n tydjie later het hulle een van die

grootste diamante gevind wat nog ooit in daardie wêreld uit die aarde gekom het. Dit was 'n steen van 80 karaat.

Na die rustyd daar is ons weer verder en Saterdagmôre om een-uur het my dapper ponie, met sy vermoeide pote maar fiere kop, ons kamp binnegestap. Groot was my teleurstelling toe ek na 'n paar uur slaap moes uitvind dat die „vername" reisiger uit Engeland sy besigheid met my sonder vertraging per brief kon afgehandel het. Sy haas het net daarin gelê dat hy die Saterdag wou vertrek en nouliks was ons sake afgehandel of hy spring in die poskar, die beuel blaas, en daar gaan hy.

En nou wil ek julle vertel van daardie vriend van my, omdat ek reken dat so'n swaapse optrede kan meeding met al die stories van die swape waarmee selfs ons kinders bekend is.

Net twee dae na my vertrek het daar vir my 'n brief op Sicconel aangekom, waarop, in die een hoek van die koevert, die woord *dringend* geskryf was. My vriend wis nie wat hy moes aanvang nie. Ten einde raad het hy toe maar besluit om aan te stap met hierdie gewigtige dokument na Klipdrift, waar ek 'n paar dae sou bly. 'n Ander delwer het besluit om die sestig of sewentig myl saam te stap. Toe hulle so'n twaalf

myl geloop het, kyk my vriend in sy binnesak om te sien of die brief veilig was. Groot was sy teleurstelling toe hy bemerk dat hy die brief op Sicconel vergeet het!

„Goed," sê sy reisgenoot, „loop jy nou terug, gaan haal die brief, dan sal ek hier op jou wag."

„Vier-en-twintig myl!" roep my vriend verskrik uit. „Kyk hoeveel tyd ons sal mors."

En wat doen hy? Hy stap met die delwer die verdere afstand na Klipdrift af, 'n reis wat drie dae geduur het, om my te kom vertel dat hy die brief vergeet het!

## IV. Delwer's Lief en Leed.

'n Dag later was daar nuwe moeilikheid. 'n Boodskapper kom my van die delwerskomitee op Sicconel berig bring dat ek dadelik daarheen moes kom. Een van my werkvolk het gedurende my afwesigheid 'n kosbare diamant gesteel en dit aan 'n diamantkoper verhandel. Gelukkig het die komitee van die transaksie te hore gekom en dadelik die diamant in beslag geneem.

Wat nou gedaan? Ons het nie tyd om ons vir so'n lang reis in te rig nie en ons het ook nie rydiere nie. Maar hier het weer die mooi broeder-

skap van die delwers ingetree. 'n Vriend het ons sy skotskar (al wat hy had om sy kleimgrond na die water in aan te ry) en vier jong en ongeleerde osse geleen. Daarmee is ons op pad. Komberse of kussings het ons nie gehad nie, nog minder 'n touleier. Op hierdie tydstip het die rivier afgekom en ons moes somar deur die veld 'n lang ompad vind. Dit was 'n spektakel. Die jong osse kry dit af en toe in hul koppe om somar oor die miershope en deur die slote aan te hardloop. Praat van stamp! Ons binnegoed het amper uitgeskud, en as dit te erg word, moes een van ons teen groot gevaar afspring en die diere keer, voor.

Ons het die hele tog as 'n grap beskou want daar aan die ander end wag mos die rykdom, die oplossing van so baie van ons moeilikhede! Vermoeid en honger het ons eindelik by Sicconel aangekom. Dadelik het ons na die komiteetent gegaan. Hier moes ons hoor dat die diamantkoper die dag tevore na die komitee gekom het met die versoek dat, aangesien ek 'n baie groot vriend van hom was, hulle die diamant aan hom kon oorhandig. Die kaffer van wie hy die steen gekoop het, het hom vertel wie sy baas was, en sodra ek terugkom sou hy dit persoonlik aan my besorg! Die komitee het dit gedoen. Ons het gou ondersoek ingestel, maar te laat. Gedurende die nag

het diamanthandelaar en die kaffer met 'n kar en vier perde verdwyn. Hy het gesê dat hy my tegemoet gaan om die diamant te oorhandig, maar aangesien ek in westelike rigting gereis het en hy regstreeks Suid koers gevat het, met my diamant ter waarde van 'n paar honderd pond in sy sak, het ek hieraan getwyfel. Dit spreek vanself dat ons hom nooit weer op die delwerye gesien het nie.

Onverrigter sake het ons na die tent teruggegaan om alles daar in orde te maak. Nouliks was ons hiermee besig toe iemand ons van buite af roep. Op 'n koppie, net bo die delwerskamp was 'n hele klomp mense by mekaar. Ons kon eers nie verstaan wat dit te beduie had nie, maar toe ons daar kom, merk ons dat dit 'n geweldige sandstorm is, wat, soos 'n donkerrooi gordyn van die Noorder- na die Suidergesigseinder sprei en nader kom. Oor 'n afstand van vyf myl kon ons van hierdie hoogte die indrukwekkende skouspel sien. Die bome wat 'n myl voor ons doodstil, sonder 'n bladroer bly staan, word skielik heen en weer beweeg, swaai hul reusetakke en buig weg voor die malende wolk van sand, klippe en boomtakke.

Toe storm ons om alles in veiligheid te bring. Bokseile is oor die waens gespan, die tent-

toue is vaster getrek en, soos 'n berg wat daarteen geslinger word, het die orkaan ons kamp getref. In verstikkende hitte, met die swepende sand in ore, neus en mond, met nouliks 'n kans om asem te haal moes ons 'n halfuur die onontkombare verwoesting deurmaak. Honderde tente het orals in flarde verskeur gelê; selfs die bokwaens was half-omgekeer teen die grond gegooi.

En agter ons, soos 'n reusekasteel van sandwolke het die storm verder getrek, met 'n pad van gehawende bome en stamme agter hom.

Nie lang na hierdie gebeurde nie het ons besluit om terug te gaan na die ou paaie, naamlik die delwerskamp op Pniël. Soos ek aangehaal het, was daar gereelde Sondagdienste en het 'n skool vir die kinders 'n vaste instelling geword. Op 'n goeie dag egter is daar in die kampe van Klipdrift en Pniël groot opgewondenheid veroorsaak deur die openbare aankondiging dat 'n geselskap beroepsangers en -musikante sou optree. Die geselskap het bestaan uit Madame Leffler, 'n bekende Europese operasangeres, haar man, 'n uitstekende tenoor, en nog twee andere, ook mense van naam. Hierdie viertal is versterk deur die beskikbare delwerstalent. Hulle sou optree in Parker se Musieksaal (soos op die biljette aangedui) op Klipdrift. Hierdie gebou was 'n lae

kamer van ongeveer dertig by vyftien voet en het diens gedoen as 'n winkel. Al wat nodig was om van die affêre 'n teater te maak was die oprigting van 'n verhoog aan die een end. Daar was net twee klein venstertjies in en een deur, aldrie aan die straatkant. Die verligting het bestaan uit 'n paar blik fakkels en kerse. Die enigste toegang tot die verhoog (vir die spelers) was deurmiddel van 'n vaatjie wat aan die buitekant van een van die oop vensters geplaas is, en die omkleekamer was 'n tent buite die gebou.

Nieteenstaande die primitiewe inrigting is 'n hele paar welgeslaagde konserte gehou. Uit die bekendste operas is uittreksels gegee en hierdie mooi musiek was welkom in daardie harde en wilde omgewing.

In die gebou waar deur die week die eerste magistraat, J. Campbell, kwaaddoeners gevonnis en gestraf het, het op die Sondae die prediker sy gemeente aangespoor tot genade en vergiffenis. Vir beide geleenthede het ons delwers altyd ons eie stoele saamgebring wat gewoonlik leë brandewyn- of jenewerkissies was.

Ondertussen het gerugte ons bereik dat 'n vyf-en-twintig myl Suid van ons, by Dutoitspan, diamante gevind is in die los, droë sand. Al wat nodig was, was 'n sif om die fyn sand af te skei.

Ons het baie gelag daaroor en gemeen dat mense wat ons wou vertel dat dit so maklik was om diamante te vind, lelik spek kon skiet. Tog het 'n vriend en ek gaan kyk en ons moes gou erken dat dit waar was. Nie alleen is mooi diamante daar gevind nie, maar selfs dieper onder die grond was kosbare stene. Terwyl ons daar was het 'n stormloop plaasgevind op die aangrensende plaas Bultfontein, waaraan ons deelgeneem het. Die plaashuis het in die middel gestaan van wat later die delwerskamp uitgemaak het. Toe ek my kleim afpen, kom ek agter dat een van die grenslyne deur die huis se kombuis loop, en al gou het ek met die pik die muur begin wegkap. Toe ek hiermee besig was, kom die magistraat van Pniël op sy wit perd aangestorm met 'n klompie Vrystaatse polisie agter hom. Ek het hom gesien en uitgeroep:

„Mnr. Truter het ek die reg om dit te doen?"

„Vra my tog nie," roep hy terug, „ek kan net sê dat as ek 'n delwer was ek presies dieselfde sou doen."

Dit was vir my genoeg en daardie kombuis het nie lang gestaan nie.

En tog, met al die haas en gejaag het ek nooit 'n kans gekry om die kleim te bewerk nie,

want ek het toe al my planne gereed gehad om met 'n geselskap 'n rukkie lank terug te gaan na Grahamstad toe, 'n geleentheid wat in daardie dae nie baie voorgeval het nie. Ongelukkig kon ons niemand kry wat vir ons 'n oog sou hou op ons kleims nie.

Met ons deurreis het ons by Bloemfontein aangekom en daar 'n paar dae vertoef. Die leër, met uitsondering van die burgers het in daardie dae bestaan uit die Staatsartillerie, 'n vyftig man sterk. Hulle kwartiere was in 'n eienaardig geboude fort, ten suide van die dorp. Die enigste geskut was 'n sestal seweponders. Volgens een van die dappere verdedigers was die fort onneembaar, maar na 'n besoek het ons tot die gevolgtrekking gekom dat 'n klompie delwers met koevoete die plek binne 'n halfuur kon neertrek!

Na 'n kort verblyf in Grahamstad het my vriende van die delwerye my versoek om terug te kom, aangesien daar weer nuwe Eldorados ontdek is. Ek het van Kingwilliamstown die poskar gevat na Queenstown.

Hierdie passasiersdiens wat die naam gedra het van die „Ella's Express", het verseker dat hulle die hele reis na die delwerye in vier dae sou aflê, maar, soos dit keer op keer gegaan het

met die vervoer van daardie dae het die reis tien dae geduur.

Alles het goed gegaan tot op Burgersdorp, waar ons die nag oorgebly het. Op hierdie tydstip was daar so'n groot verkeer na die delwerye, so'n stroom van alle klasse voertuie het oor die paaie gewemel, dat daar daagliks passasiers moes agterbly en op 'n volgende geleentheid wag. Op Burgersdorp was 'n hele klompie mense wat reeds 'n week gewag het op 'n geleentheid om verder te gaan. Die poskar was al so vol dat ons maar benoud gesit het tot op die dorp, maar 'n paar van die wagtendes het besluit om teen wil en dank saam te ry. Ons het toe maar besluit dat ons beurte maak om op mekaar se skoot te sit. Ek het 'n jong Duitser wat as klerk na een van die delwerswinkels ontbied is op my te lande gekry. Nouliks het ons Burgersdorp uitgery of die reën stroom. Die ses perde het met die oorlaaide poskar swaar gekry en toe ons by die volgende plekkie aankom, was daar nie 'n dier om die vermoeide vosse se plek te neem nie.

Na 'n kort verposing is ons noodgedwonge weer verder. Hierdie maal was dit die Duitser se beurt om my tot sitplek te dien. 'n Tydlank het dit goedgegaan, maar die styf sit het sy bene seker verlam, want sonder 'n woord te sê pluk hy

hulle onder my uit, waardeur ek vorentoe trek en op die voorste passasiers se rugge te lande kom, wat weer die gevolg gehad het, dat hulle van hul sitplekke afgekegel word.

Nou was die paaie in 'n verskriklike toestand. Ons was almal verplig om uit te klim en so af en toe die uitgeputte perde hand te gee deur skouer aan die wiel te sit. Tog het die vosse uit vermoeinis gaan staan. Gelukkig merk ons, so'n endjie van die pad af, 'n plaashuis op. Ons besluit om daarheen te gaan. Wat die boere gedink het toe hulle ons sien aankom, 'n elftal natgereënde, modderbespatte mense voor en 'n poskar met ses perde in die tuig, agterna, weet ek nie. Maar hulle het ons baie goed behandel, lekker laat eet en 'n kans gegee om die perde te versorg en ons klere droog te maak. Ook het die gasvrou daarop aangedring dat ons daar moes oornag.

Van die volgende dag het dit nie beter gegaan nie, want nêrens kon ons perde kry nie. Gevolglik het ons van plaas tot plaas gereis, en wanneer ons aangename mense aantref die nag oorgebly. Somtyds het osse die poskar getrek, dan weer perde, maar uiteindelik het ons by Dutoitspan aangekom.

## V. KIMBERLEY.

Die Kimberley van daardie dae het die naam gehad van die *New Rush*, of *Sardienblikdorp*. Maar diamante was daar volop. Ek onthou nog goed hoe een van die baanbreker-diamantkopers, Litkie, altyd by ons tent aangekom het op sy pad huis-toe. Hy het na die delwerye gekom om 'n juwelierswinkel te begin, maar het gou van plan verander. Die kopersbesigheid het hom dikwels tot baie laat besig gehou maar hy het ons tent nooit verbygegaan nie. Altyd het hy daar 'n ruk gesels, versterking geneem en oor die aankope van die dag gepraat. Hy het daar ook niks van gedink om ons die honderde skitterende diamante te wys wat hy die dag gekoop het nie, en wat in baie gevalle duisende ponde wêrd was. Hy het die diamante in 'n swart sakkie gedra, was nie 'n groot sterk kêrel nie, het elke aand allenig huis-toe gestap en is, sover ek weet, nooit aangerand nie.

Kort nadat die delwerskomitee hier gekies was, het 'n vriend na my gekom met die boodskap van een van die komiteelede dat daar 'n sekere kêrel Rhodes aangekom het en meer kleims bewerk as wat die regulasies toelaat. (Dit was twee vir elke delwer). In hierdie geval het dit, volgens

die delwerswet, beteken dat enige van daardie kleims in beslag geneem kon word. Dadelik het ek noukeurige ondersoek ingestel en bevind dat my inligtinge in orde was. Ek het toe besluit om aanspraak te maak op die kleim waarop Rhodes toe besig was. 'n Saterdagmôre het ek die daad tot die woord gevoeg. Rhodes was nie alleen verbaas nie, hy was kwaad, maar dit het hom toe niks gehelp nie. Hy het sy werkvolk gesê om huis-toe te gaan en het my vertel dat ek weer iets omtrent die saak sou hoor. Ek het die komitee verwittig van my handelwyse en moes die volgende Saterdag voor hulle verskyn. Op 'n sanderige heuwel, tussen die twee delwerskampe, De Beers en *New Rush* het die komiteetent gestaan. Daar was nog 'n paar ander delwers wat met soortgelyke klagte aangekom het en vier het dit op Rhodes gemunt gehad.

Dat ek daarvan oortuig was dat ek die saak sou wen, is lig te verstaan, maar groot was my verbasing toe die komitee nouliks die feite aanhoor, my vertel dat ek geen saak het nie en toe Rhodes die komitee vra om my met 'n stywe boete te straf vir wat ek gedoen het. Dit sou dan as waarskuwing dien vir die wat ook sulke neigings het.

Ek het Rhodes daar en dan uitgenooi om uit te kom, sy baadjie uit te trek en my 'n kans te gee om hom tot voorbeeld te stel van die vergrgde delwers om ons heen. Hy het egter my uitnodiging van die hand gewys op grond dat hy 'n ander, dringende afspraak het. Dit het later geblyk dat hy en verskeie ander delwers alles gedoen het wat hul kon om soveel kleims as moontlik in hande te kry. Dit was 'n gedragslyn wat hy later op groter skaal gevolg het.

'n Tyd later het ek 'n kleim net naby die van Rhodes verkry. Hy het dit self elke dag bearbei. Ons het dikwels 'n praatjie gemaak want die haat en woede van die vorige ontmoeting het verwaai.

Hier is nog 'n staaltjie. Aan die westekant van sekere delwer X. se kleim was dié van Baxter, een van die rykste in die omtrek. Tog het ek gereken dat X. s'n (betreklik nuut) nie veel in opbrings sou verskil nie. Maar X. had ander planne. Wat het hy gedoen? Hy het tot 'n diepte van twintig voet in sy eie kleim afgewerk en toe in die rif 'n tonnel gegrawe, sodat hy onder die ander kleim in goeie grond beland het. Sy doel hiermee was om die harde ertsrif te vermy en seker te wees van die beloning vir hierdie harde werk.

Die *New Rush* het ondertussen die naam Kimberley gekry. Soos maklik te verstaan is met

die groot hoeveelhede diamante, het diefstal en onwettige diamanthandel by die dag toegeneem. Wat hiertoe nie die minste bygedra het nie was die beginsellose kopers, wat, sonder kantore of gesag, met 'n leersakkie oor die skouers by die verskeie delwers rondgekuier het. Hulle het natuurlik van hul kanse om onwettig diamante van kaffers en andere te koop, gebruik gemaak. Baie van die sogenaamde eerlike winkeliers kon in daardie opsig ook nie onskuldig pleit nie. Maar uiteindelik het hierdie wettelose metodes so erg geword dat die delwers besluit het om die saak in eie hande te neem. 'n Vergadering van die vooraanstaande delwers is belê, en by die geleentheid 'n lys opgestel van al die bekende onwettige diamantkopers. Dag en datum is vasgestel vir die uitvoering van die plan waartoe besluit is, nl. om elke tent, winkel of kantoor waarin hierdie handel gedryf word, af te brand.

Ongeveer twee duisend delwers het in die hoofstraat bymekaar gekom en, met Kommandant Bouker van die Polisie, wat met sy paar manskappe vir die meerderheid moes swig, aan die hoof, afgemarsjeer.

By die eerste geboutjie het trompetgeskal die optog tot stilstand gebring, die naam van die bewoner is afgelees en binne enige oomblikke was

alles in vuur en vlam. Hierdie lot het al die geboue op die lys te beurt geval. By De Beers het ons 'n groot winkel afgebrand, maar moes spoedig uitvind dat ons aan die verkeerde adres was! Dit het egter nie lank geduur nie of 'n kollekte is gehou en die eienaar vir die skade meer dan vergoed. Hy het almal bedank en ons uitgenooi om hierdie brandstigting elke week te herhaal.

Ongelukkig het hierdie drastiese optrede geen end gemaak aan die koop en verkoop van gesteelde diamante nie. Dit het met onverfloude ywer voortgeduur, alleen nie meer so openlik nie.

Om 'n idee te gee van die reusewinste wat uit hierdie onwettige handel gemaak is, wil ek nog een staaltjie noem.

Een môre was ek in die magistraatshof toe 'n man wat ek goed geken het 'n boete van £100 moes betaal vir 'n dergelike oortreding. Ek het my verbasing teen hom uitgespreek om hom in so'n saak betrokke te sien, en opgeruimd het hy geantwoord:

„Ek sal met die grootste bereidwilligheid elke dag £100 afstaan as hulle belowe om my nie te arresteer nie!"

Die meerderheid van die wettige handelaars in diamante was natuurlik eerlik en opreg en in verskeie gevalle vrygewig. Tog was daar onder

hulle ook hier en daar 'n swart skaap. Hoe een van die laasgenoemdes deur sy eie slim streke skade gely het, is die moeite werd om aan te haal. Ons noem hom Mnr. A., hoewel ek hom persoonlik geken en later van tyd nie graag in sy skoene sou wil gestaan het nie. Hy het 'n makelaar gehad wat hom gehelp het met die aankoop en verkoop van die kosbare edelgesteente. Op 'n goeie môre kom die makelaar hom vra of hy iets vir verkoop in voorraad het.

„Ja," sê A., „ek het 'n pakkie diamante waarvan ek ontslae wil raak. Gaan jy na mnr. W. ('n man van 'n ander slag). Hy adverteer dat hy wil koop. Bied hom die pakkie aan en sorg dat jy om elfuur daar is. Hy ken my as 'n deskundige en sal nie weier nie." A. noem die bedrag en klokslag elf meld die makelaar hom by W. aan.

Tot sy verbasing sien hy A. daar sit. Dié kyk hom met 'n waarskuwende blik aan. Die makelaar vertel toe aan W. dat hy 'n pakkie diamante te verkope het, maar noem nie die oorsprong nie. Die hoflike A. maak kastige aanstaltes om te vertrek, maar W. sê dat hy maar moet bly sit, dat dit 'n eenvoudige diamanttransaksie was.

W. het die diamante bestudeer, maar toe die makelaar die prys noem, het W. gesê: „Dis belaglik. Dis te veel. Ek sal dit nooit betaal nie."

Maar, bloot uit belangstelling natuurlik, kyk A. nou ook na die diamante, en sê: „W., dis 'n kopie, man. As jy hulle nie wil hê nie, — ek sal hulle neem." Dit het W. laat nadink en hy stem in om die gevraagde prys te betaal. Hy het sy tjekboek oopgemaak en vir die gevraagde bedrag onderteken. Haastig het die makelaar die tjek in sy sak gesteek en verdwyn. Toe A. by sy eie kantoor aankom was daar iemand anders om 'n nog groter prys aan te bied vir die diamante. Gou stuur A. terug na W. se kantoor toe. Die makelaar vra die diamante terug. W. neem bedaard die pakkie diamante op. Ha! dit lyk goed. Maar W. is nog nie klaar nie. Hy bring 'n ander, nog groter sakkie te voorskyn, skud die diamante op sy tafel uit, maak A. se pakkie oop en laat die diamante stadig tussen die ander klomp inval. Dit was sy enigste antwoord.*.

* Hoewel miskien nie die laaste bladsye van die dagboek nie, is, wat hierop volg, te onduidelik en onsamehangend vir gebruik.

# ONS LEESUURTJIE

## VAN SCHAIK SE KINDERBOEKERY

'n Reeks van Boeiende Jagawonture, Reisbeskrywings en Geskiedenisverhale van beroemde skrywers, in Afrikaans.
50 Boekies uit die Wêreldliteratuur.
Almal versier met mooie illustrasies.
Pryse vanaf 9d. tot 1/8.
Die goedkoopste ontspannings-lektuur.

*EERSTE REEKS. Vir kinders van 6 tot 8 jaar.*
9 Pennies elk.

Die Wit Takbokkie .... .... Grimm.
Die Troue Hond .... .... Bray.
Die Skoelapper se Partytjie .... .... Uit die Russies.
Roland en Meiblom .... .... Grimm.

*TWEEDE REEKS. Vir kinders van 8 tot 10 jaar.*
1/- elk.

Wollie en Donsie .... .... Mockler.
Willie Swart .... ....
Die Jong Reus en die Snyer .... .... Grimm.
Die Skippie .... .... Romney.

*DERDE REEKS. Vir kinders van 9 tot 10 jaar.*
1/- elk.

Die Waternooientjie .... .... Hans Andersen.
Sasha die Slaaf .... .... Uit die Russies.
Die Storie van Aeneas .... .... Uit die Grieks.
Koning Midas .... .... Hawthorne.
Op die Proef gestel .... .... Clarke.

*VIERDE REEKS. Vir kinders van 10 tot 12 jaar.*
1/4 elk.

Die Koning van Goudrivier .... .... Ruskin.
Die Towerpaleis .... .... Hawthorne.
Doen jou plig .... .... Henty.
Die Leuningstoel .... .... M'Kenna.

*VYFDE REEKS. Vir kinders van 12 tot 14 jaar.*
1/8 elk.

Manco, die Hoofman .... .... Kingston.
Die Twee Prisoniers .... .... Henty.
Die Koraaleiland .... .... Ballantyne.
Die Rooihuide .... .... Henty.

*SESDE REEKS. Vir kinders van 12 tot 16 jaar.*
1/8 elk.

Sendingreise .... .... Livingstone.
Sydney Carton .... .... Dickens.
Silas Marner .... .... George Eliot.
Neerlaag van Generaal Braddock .... .... Thackeray.

# ONS LEESUURTJIE

## VERVOLGREEKS.

| *VIR DIE JONGERES* (van 9 tot 12 jaar): | | Prys. |
|---|---|---|
| 26. | *Skatkissie,* Verhale van Johan Peter Hebel | 1/- |
| 27. | *Koning Bob, die Olifant,* Theodor Volbehr | 1/8 |
| 28. | *Kinderjare van 'n Rooihuid,* Charles Eastman | 1/8 |
| 29. | *Sindbad die Seevaarder,* Uit Duisend-en-een-nag | 1/6 |
| 30. | *Die Karavaan,* Wilhelm Hauff | 1/6 |
| *VIR DIE GROTER KINDERS* (van 12 tot 16 jaar): | | |
| 31. | *Die Sjeik van Alexandrië,* Wilhelm Hauff | 1/6 |
| 32. | *Robinson Crusoe,* Daniel Defoe | 1/8 |
| 33. | *Die Eskimos,* Roald Amundsen | 1/6 |
| 34. | *Deur die Bosse van Brasielië,* Dr. K. A. Wettstein | 1/6 |
| 35. | *Anderkant die Himalajaberge,* Sven Hedin | 1/6 |
| 36. | *Die Sage van Frithiof,* Ferdinand Brassier | 1/6 |
| 37. | *Die Silwerbeker,* A. Marée | 1/3 |
| 38. | *Stories uit die Edda* | 1/6 |
| 39. | *Helde uit Noorweë* | 1/6 |
| 40. | *Russiese Volksvertellinge,* Tolstoi | 1/8 |
| 41. | *Op Jag in die Wildernis,* deur Theodor Roosevelt | 1/6 |
| 42. | *Siegfried, die Nibelungeheld* | 1/6 |
| 43. | *Die Geheime Vereniging,* A. Maree | 1/3 |
| 44. | *By die Suidpool,* Carsten Borchgrevink | 1/8 |
| 45. | *Helde uit Griekeland,* Berthold Niebuhr | 1/6 |
| 46. | *Sages van die Ryn,* Ludwig Bechstein | 1/6 |
| 47. | *Vere Maak die Voël,* Gottfried Keller | 1/- |
| 48. | *Deur Eensame Siberië,* Oscar Iden-Zeller | 1/6 |
| 49. | *Indiese Fabels,* Clara Hepner | 1/6 |
| 50. | *In die Hartjie van Oos-Afrika,* Hertog Adolf. Fr. von Mecklenburg | 1/6 |

*Van hierdie bekende reeks, wat deur meer as een deskundige bepaald 'n aanwins genoem is, veral vir kinders op die plaasskole, het weer nuwe deeltjies verskyn. Al die werkies is in Afrikaans bewerk deur Mevr. A. E. Carinus op die bekende simpatieke en deeglike manier wat haar eie is. Dit vorm inderdaad aangename lektuur, selfs vir volwasse kinders. Dit is buitendien leersaam. Die deeltjies is van passende illustrasies voorsien, verskyn in heldere druk, in handige formaat en in praktiese omslag. Dit is ongetwyfeld baie goeie storieboekies.*

*(Uit "Die Burger.")*

Wallachs' Bpk., Pretoria.

2837